WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 09/2018
02/07/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Pat McLoughlin of the Cavalry in Hermanus

* Faan Gerber of the Infantry advises with regret "… that Pat had passed away in Hermanus on 04/06/2018, after suffering from cancer. Pat was the honorary colonel of the Cape Town Highlanders (CTH) and messages of condolences and enquiries can be sent to Harvey Saayman of the CTH at 028-312 2372".

* David Peddle of the Infantry states that that Pat's wife, Magriet, had informed him "… that the funeral had taken place at the St Andrews Chapel in Green Point on 16/06/2018. Refreshments were served at the Sergeants' Mess of the CTH in the Castle after the service".

2. Passing of Stephan (Steph) Erasmus of the Cavalry in New Zealand (NZ)

* Tony Macquet of the SA Military Veterans' Organization in Australia and NZ (SAMVOA) advises with sincere regret of "… the passing of Steph on 23/06/2018 after suffering a stroke. Stephan served as our Regional Chairman with distinction and he was a much respected member on the Executive of SAMVOA in NZ. To Elizabeth and the Erasmus family go our sincerest condolences at their loss".

* Fred Rindel van die Kallerie voeg by "... dat Steph lank probleme met sy rug gehad het. Sy vrou, Elize, word deur hulle oudste seun, Barney, bygestaan, wie op 00-649-4481464 of op sjande@xtra.nz gekontak kan word. Steph se afsterwe is 'n groot skok vir my en Melanie aangesien ons vir 52 jaar met Steph en Elize vriende was. Steph het in NZ verder gaan studeer en het vir hom 'n tweede loopbaan as 'n burgerlike werknemer in die Ministerie van Verdediging in NZ losgeslaan".

* Albert van Driel verwittig dat Elize se e-posadres elizabeth.erasmus@xtra.co.nz is.

3. Afsterwe van Hein (Loutjie) Louw van Logistiek

Edward (Ed) Ruziecki van Logistiek verwittig met leedwese dat "... Hein, ook bekend as Oudste of Louwtjie, op 19/06/2018 by die Alcari Sorgeenheid in Lyttelton in die ouderdom van 67 jaar oorlede is. Oudste het aan emfiseem gely en was ook in 'n gevorderde stadium van dimensia. Hy word oorleef deur sy suster, Ansa Kruger, wie se selno 082 386 0629 is. Oudste

se stiefpa was die voormalige H Leër, genl WP Louw. Oudste was 'n legende onder veral die Loggies en het tydens Op n Savann en by 101 Werksplaas op Grootfontein en by Log Ops in Blenny gedien. Die roudiens het op 28/06/2018 by die NG Gemeente Lyttelton plaasgevind".

4. Passing of Brian Guy of the SAN

Arne Soderland advises with sincere regret "… of the passing of Brian on 07/06/2018 in the Strand. Our deepest sympathy to Babs and all their family".

5. Afsterwe van Ashley Leach van Op Savannah

Marina Valentine van Op Savannah se Veterane-vereniging verwittig met leedwese dat die "... die laaste eerbetoning aan Ashley op 03/07/2018 by die Lewende Woord Gemeente in Centurion se Grasdakkapel in Clubview plaasgevind het. Sy wens was dat daar worsbroodjies na die diens sal wees en nie toebroodjies en koekies nie en ons gaan dit eer.

6. Operasie vir Henk Redelinghuys van die Infanterie en SA Leërstigting

Henk rapporteer dat hy "… op 31/05/2018 'n knievervanging by die Zuid-Afrikaanse Hospitaal ondergaan het, wat deur prof Le Roux van 1 Mil Hosp uitgevoer is. Alles het goed afgeloop en alhoewel die knie nog geswel is oefen ek gereeld. Ek kan net vir ons SMMVF dankie sê vir die finansiëring van hierdie duur operasie. Die proses het ongeveer twee maande geduur vandat ek vir dr Olla van der Spuy vir die eerste keer by Afd Ortopedie gaan sien het. Hy het vir my vir toetse vir bloed, hart, long en stres EKG gestuur en toe het ek 'n keuse tussen Meulmed of Zuid-Afrikaanse Hospitale gehad".

7. Condition of Piet Hall of the Infantry

Charles Tregoning advises "… that Piet well and improving after his operation and he still has that wicked sense of humour. Piet sends his regards to all the Veterans".

8. Hospitilisasie vir Joe Bulpit van die Infanterie

Faan Gerber van die Infanterie verwittig dat Joe in 2 Mil Hosp se Afd Intensief weens asemnood opgeneem is en word vir Emfiseem behandel. Sy toestand was swak maar dit gaan nou beter.

HULDEBLYKE

9. Huldeblyk aan Pat McLoughlin van die Kavallerie

Paul Fouche van die Meg Infanterie noem dat hy "... met hartseer van Pat se afsterwe verneem het. My innige medelye aan sy familie. Pat was vir my die verpersoonliking van 'n Offisier en Heer en is een van die beste vriende en kollegas wat ek gehad het. Ons het by die SA Mil Akad ontmoet waar hy hard aan my Namakwalandse Engels geskaaf het, maar ek kan hom nie blameer vir die mislukking daarmee nie. Dit was egter op die yskoue dae en nagte van De Brug en die opleidingslagvelde van Lohatlha waar ons vriendskap regtig begin het. Daar het ons vir ure oor alle aspekte van konvensionele oorlogvoering geredeneer en ons begeertes gedeel om eendag brigadebevelvoerders te wees. Hier het ek onder die indruk gekom van Pat se behoefte om 'n verskil te maak aan die organisasies en formasies waarvan hy deel was en het hy dit bewys gedurende sy dienstydperk as Bev 71 Mot Bde. Hy het met 'n passievolle ywer gekompeteer om die SA Korpstrofee as die beste brigade te wen en was by uitstek verantwoordelik dat sy brigade aan die begin van die 1990s nie ontbind is nie, maar in 9 SA Div omskep is. Pat, ek dank jou vir die geleentheid om saam met jou by Cuito Cuanavale deel te gehad het aan die kulminasie van ons loopbane in diens van die RSA. Ek sal onthou om, soos in die verlede, jou op 20 April met jou verjaardag geluk te wens.

Rus sag, jou taak is volbring".

10. Huldeblyke aan Steph Erasmus van die Kavallerie

* SA Pantserbond

Alwyn Van Niekerk verklaar dat "... die SA Pantserbond so pas verneem het van die heengaan van ons kollega en jarelange vriend. Ons bede gaan aan Elize en kinders daar in die verre. Hiermee opregte Pantsermeegevoel".

* Albert van Driel van die Infanterie

Steph het na ‘n lang stryd teen kanker gesterf en ons sal ‘n lojale vriend en rolmodel baie mis. Steph het ons met raad en daad bygestaan tydens ons proses om permanente verblyfreg in NZ te verkry. Ons verloor ‘n groot vriend en sal met Elize in verbinding bly”.

11. Huldeblyk aan Danie (Tallies) Taljaard van Personeel

Peet Duncan van die Infanterie noem dat dit vir hom ‘n “… skok was om van Tallies se afsterwe te verneem. Hy was my instrukteur by die SA Leërgim in 1961 en ek onthou hom as ‘n uiters netjiese, toegewyde en eerlike mens en soldaat. Dit was ‘n voorreg om onder en later ook saam met hom te kon dien”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

12. Nel van Rensburg van die Kavallerie

“Na 31 jaar in Pretoria en na baie goeie tye en nadat ons soveel vriendskappe opgebou het, sê ek en Esmé totsiens maar nie vaarwel nie. Einde Jun 2018 verruil ons Pretoria se wonderlike weer vir die seelug van Langebaan. Al die Veterane wees gegroet en ons wens elkeen alle seën, geluk en goeie gesondheid toe. Ons vertrou dat ons nog vir lank die kameraadskap sal kan koester, wat deur middel van die Wel en Wee van die Militêre Veterane bestaan. Ons e-posadres by esmenell@iafrica.com
gaan aktief bly”.

13. Rina Venter : Weduwee van Toutjies Venter van die Geskut

Rina se dogter, Riana Venter van Zyl, is die Nasionale Sekretaris van die SA Legion en verwittig dat haar moeder “… nou 79 jaar oud is en behoorlik by die Senior 2000 Aftree-oord in Akasia ingeburger is na haar huis in Jan 2018 verkoop is. Ma Rina was in 1 Mil Hosp vir ‘n reeks toetse, maar is reeds weer ontslaan en het na Eenheid 77 teruggekeer. Ek en my broer het koppe en beursies bymekaar gesit en Ma Rina het nou ‘n voltydse versorger by haar wanneer ek nie tuis is.
Dit gee ons 2 kinders net soveel meer gemoedsrus dat daar iemand by Moederliefde is indien sy hulp nodig het. Ma is beter, maar die spreekwoord is mos dat ‘… s*iekte kom te perd en gaan te voet*” so ons bly op ons knieë en glo dat dit vorentoe net beter sal gaan”.

14. Stefans van der Walt van 32 Bn

Stefans noem dat hy “... net 'n regstelling wil maak oor die berig en die foto in die jongste uitgawe (ook hieronder), waar ek as voorsitter van 32 Bn se Veterane-vereniging aangedui is. Na tien jaar in daardie pos het Leon Grobler by my oorgeneem toe ek weens akute leukemie die tuig moes neerlê. Ek wil graag noem dat ek na meer as twee jaar se intense behandeling finaal gesond verklaar is. My Onkoloog beskryf dit as ‘n wonderwerk, waarop ek kon antwoord dat dit net uit genade is. Mag almal wat swaarkry dieselfde ervaar”.

15. Herdenkingsdiens van 32 Bn

Die diens het op 20/05/2018 by die Voortrekkermonument plaasgevind en Paul Els het genoem dat ons makkers voorstelle moet indien oor wat hulle dink genl Meiring besig is om aan Les Rudman van Spes Magte te vertel.

16. Genl Meiring se Advies aan Les Rudman

Een voorstel is dat genl Meiring aan Les genoem het "... dat ek mos vir julle gesê het dat julle nie daar moet gaan spring nie, want ek het geweet julle gaan nie van daar af enige radioverbindings hê nie".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

17. The Bring Skillie Home Project. Guy Mullins of the Paratroopers Veterans' Organization (PVO) is leading this project to recover the remains of Rfn Human (Skillie) who was lost during the air combat assault on Cassinga on 04/05/1978. Guy reports as follows:

"We are nearing the end in this mammoth task. Two years ago, Gert Opperman advised that a sum of R350 000 would be needed to successfully complete the project. To date, the PVO has raised in the region of R250 000 and I am of the opinion that this is probably enough. We have received a gigantic donation of R62 000 from a person who wishes to remain anonymous. This has made all the difference to us. I feel we will be able to do what is necessary as we have received a lot of co-operation from both Angola and Namibia. The same goodwill was also recently experienced by the group of members of 61 Mech Bn Gp that recently visited Angola. The PVO has also established what had happened to Capt Jeronimo of FAPLA after being requested by the Angolan authorities. We are of the opinion that the goodwill generated will ease our path through the complex red tape that exhumation and repatriation requires".

18. Vraag oor Prof Deon Fourie van die Kavallerie se Berig oor Salueer en Eerbewys

* Piet Heyns van die SWAGM se Genie noem dat hy "... prof Fourie se berig in die vorige Nuusbrief baie insiggewend gevind het en veral oor die gebruik dat afgetrede offisiere hulle rang na aftrede behou. Ons wat in die Burgermag-komponent van die SWAGM gedien het, is in 1989 'gedemobiliseer' en het dus nie afgetree nie. Ek wonder net of die bostaande ook op ons hier in Duitswes van toepassing sou wees?"

* Prof. Deon Fourie van die Kavallerie verklaar dat "... dit vreemd is dat die SAW nooit weer met die SWAGM se offisiere gekommunikeer het nie. Nietemin, of hulle nog op sterkte bly en of hulle afgetree het, die vorige Verdedigingswet het voorsiening gemaak vir die behoud van

‘’n offisier se kommissie. Offisiere tree van diens af en nie van die kommissie as offisier nie. Dit maak ook nie saak waar die offisier woon nie. As hy nie deur die President van sy kommissie ontneem is nie, behou hy die reg om sy rang te gebruik. Die SWAGM was ‘n formasie van die SAW en ek kry nie enige afsonderlike SAW bepalings na 1989 en selfs nie in die Verdedigingswet van 2002 wat hierdie verwantskap tersyde stel nie”.

19. Toestand van Thaba Tshwane

* Paul Els rappprteer dat hy “... vir iemand die graf van Daniel Roxo in die nuwe begrafplaas gaan wys het. Die gras is lank maar hulle is besig om skoon te maak. Die tuin by die Perdestal is pragtig en die plek lyk skoon. Sypaadjies voor van die offisiere se huise is vuil. Ek ry toe na die Ou Begrafplaas en kon nie daar kom nie, want dit is toe van die gemors wat daar gestort is. Dit was die teleurstelling van die dag”.

* Raadslid Ina Strijdom reageer en noem dat “... die instandhouding van alle militêre- en staatsinstansies die verantwoordelikheid van die Departement van Openbare Werke is en dat die Stadsraad geen jurisdiksie daaroor het nie. Ek is besig om maatreëls in plek te sit om Openbare Werke verantwoordbaar te hou vir Thaba Tshwane”.

20. Alternative Version of the Origin of ‘Taps’

John Boardman of the SAAF states that he had found an alternative version than the one reported by Felix Hurter in the previous issue of the Newsletter. It reads as follows:

The tradition of playing ‘Last Post’ is mainly confined to Commonwealth countries, while the US Forces have a similar routine called ‘Taps’. The melody of ‘Taps’ of the present day originated during the Civil War. Union Gen Danial Adams Butterfield, in command of a brigade decided the ‘lights out’ music was too formal to signal the end of the day. One day in Jul 1862, he recalled the ‘Tatoo’ music and hummed a version of it to an aide who wrote the melody down. Thereafter, Gen Butterfield ordered that this new call was to be played at the end of each day instead of the regular call. Like ‘Last Post’, ‘Taps’ provides a fitting close to the soldier's day and when the time comes, to his or her final departure from the ranks.

21. Russian Navy Acquires Massive Amphibious Assault Ships Carrying Battle Tanks

Angel reports in his MN that Russia’s Navy now has a large amphibious assault ship, known as the Ivan Gren, which can carry 13 main battle tanks, 36 armoured personnel carriers and up to 300 Marines. It also has two Kamov Ka-29 attack helicopters. The vessel is ready for service after years of trials and testing.

22. The UK is No Longer a First Rate Military Power

The Prime Minister, Theresa May, has asked the Defence Secretary to justify the UK's role as a 'tier one' military power, causing dismay in the Ministry of Defence. Underlying the statement is a realisation that the UK can no longer economically compete with top powers. The Prime Minister questioned the Defence Secretary on whether Britain needed to maintain a Navy, Army, Air Force and nuclear deterrent all at once. A senior lecturer in War Studies at King's College in London stated that it is ironic that Brexit could mean that the UK can longer fund its military.

23. Royal Navy's Type 45 Destroyers Spent Majority of 2017 in Dock

The UK's six Type 45 destroyers, described as the backbone of the RN, spent 80% of last year in dock. The ships, costing £1 billion each, need a multi-million pound refit after repeatedly breaking down in the Persian Gulf. But the work is not due to start until 2020. Two of the cutting-edge warships, HMS Dauntless and HMS Defender**,** did not go to sea at all during 2017. All six warships, which entered service from 2008, were built with an engine system which cuts out in warm seas, leaving sailors stranded for hours in total darkness.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

24. Mediese Behandeling by 2 Mil Hosp

Peet Duncan van die Infanterie verklaar dat "… ons het op die oog af die beste mediese fonds denkbaar, met geen maandelikse bybetaling na 60 nie. Hier op Stilbaai kan ons 'n afspraak maak om 'n dokter te sien en hoef in 'n lang tou te gaan sit om 'n onbekende te sien nie. My vraag is waarom ons as afgetredenes dou voor dag by 2 Mil Hosp moet opdaag om in n tou te sit om 'n onbekende te sien. Ek moes onlangs 400 km na Wynberg ry om 'n afspraak na te kom en was veronderstel om 'n Ortopeed vir n knievervanging te sien, maar kon net 'n jong Kliniese Assistant sien, wat hulpvaardig was, maar wat slegs 'n aanbeveling oor die verdere optrede kon maak. Na vele oproepe en gesprekke kon ek eers vier maande later 'n dokter sien wie bereid was om aksie te neem en 'n datum vir 'n knievervanging te bepaal. Daar was ooglopend finansiële onkostes vir my.

So 'n operasie kan in elk geval nie by 2 Mil Hosp uitgevoer word nie en benut 'n Ortopeed by 'n privaat hospitaal, Clinic, om die operasie uit te voer. Die ironie is dat Ortopede en 'n hospitaal van dieselfde Clinic-groep in Mosselbaai beskikbaar is. Wanneer 'n pasiënt een van hierdie Ortopede sien word die prosedure, datum van die operasie en selfs koste onmiddellik vasgestel. Sou dit nie eenvoudiger en vir baie pasiënte meer gemakliker wees as hierdie prosedure gevolg word nie?"

FUNCTIONING OF THE RFMCF

25. NTR.

TOEKOMSTIGE OORLOë

26. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

27. Baily-brug oor die Kavangorivier by Rundu

Johann Engelbrecht van Leërinligting het die foto van die Baily-brug verskaf wat oor die Okavangorivier by Rundu opgerig is vir die gemeganiseerde kolonne wat met Op Moduler oorbeweeg het.

28. Foto oor die Aandklokreël in die Operasionele Gebied

Verlede week het Johann Engelbrecht ‘n foto verskaf wat met die toepassing van die aandklokreël in die operasionele gebied geneem is. Daar was foutiewelik gemeld dat dit ‘n gewapende helikopter van die SALM toon, maar Johann korrigeer deur te meld dat dit ‘n gewapende Dakota aantoon wat as die Dragon bekendgestaan het. Hierdie Dakota was ook vir lugskreeu gebruik.

29. The Origin of Military Ceremonial Traditions. John Boardman of the SAAF states that he had written an article for the branch of the SAAF Veterans’ Association in Durban a few years ago. The article dealt with military traditions associated with the following:

* Use of the bugle
* Last Post, Reveille and Taps
* A Lone Charger as at some funerals and other memorial parades the procession are often led by a lone, rider-less horse, with a pair of boots pointing backwards in the saddle's stirrups as a sign of respect. In ancient times, Saxons used to bury a great warrior's horse with him so that it could serve him in the afterlife.
* The gun carriage at a funeral.
* Flags at half mast.
* Rifle Volleys and gun salutes.
* A period of silence.

The article can be requested from John’s e-mail address at boardman@webafrica.org.za.

30. Storming the Beaches to Liberate Europe

Jurie Bosch of the Irish Infantry and Int Div has provided the photo depicting Allied soldiers storming the beaches of Normandy, France, on 06/06/1944, marking the start of the hard campaign to liberate Europe. The photo, titled 'The Jaws of Death' shows a landing craft from the USS Samuel Chase disembarking troops of E Coy, 6 Inf Bn of 1 Inf Div at Omaha Beach, Normandy, in France.

NUWE MILITêRE BOEKE

31. New Issues by Bush War Books

The following new issues of previously published books are avalable on order from sales@warbooks.co.za:





PAUL ELS SE BOEKE

32. *Amanzi Southern Africa*

"My nuwe boek is nou beskikbaar by epos@groep7.co.za en die prys is R240. Die boek handel oor die water van Suider-Afrika en sluit ou kaarte van Suid-Afrika in wat van Bartolomeu Dias en Jan van Riebeeck se tyd dateer".



ALGEMENE ASPEKTE

33. Standbeeld van Fidel Castro in Bloemfontein

Paul Els rapporteer dat "… hierdie standbeeld van Castro op Hertzog-plein in Bloemfontein opgerig is. Dit maak my hartseer dat ons nie eens vir een van ons helde van die bosoorlog 'n standbeeld kan oprig nie, om hom op hierdie wyse te vereer. Ek weet wie ek so sou wou vereer en dit sal interessant wees om van voorstelle in hierdie verband te verneem".

34. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Jul 2018 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

35. Nuusbrief van die SA Jagtersvereniging

Paul Els het die Nuusbrief verskaf waarin die Vereniging se Hoofuitvoerende Beampte, Fred Camphor, die Vereniging se standpunt oor die onlangse hofuitspraak oor ongelisensieerde vuurwapens uieensit. Die Nuusbrief is vanaf Paul se e-posadres by paul@who-els.co.za beskikbaar.

36. Stem vir die Voortrekkermonument (VTM). Ian Wessels van die SAV doen 'n beroep op die Veterane om vir die VTM te stem met 'n kompetisie wat deur die Departement van Toerisme gereël word. Cecilia Kruger is die Besturende Direkteur van die VTM en Die Erfenisstigting en sy verklaar soos volg:

"Die Voortrekkermonument is ingeskryf vir die Lilizela Toerisme Toekenning onder die afdeling 'Besoekerservaring van die jaar' geloods deur die Departement van Toerisme. Hierdie toekenning gee erkenning aan toerisme se rolspelers en besighede wat 'n wêreldklasdiens aan toeriste en besoekers bied, asook om toerisme na Suid-Afrika bevorder. Ondersteun ons deur jou stem op https://madmimi.com/p/daa85c?fe=1&pact=160057-145806661-4916938202-650d3555bdb740085d63e3271c0073392ecb1982 uit te bring".

37. SA National Parks (SANParks) React to Programme on Carte-Blanche

The Head of Special Projects at SANParks, Johan Jooste of the Infantry, advises that SANParks has issued a statement referring to the programme on Carte Blanche on 24/06/2018, in which it was implied that senior personnel together with members of the SA law enforcement agencies could be involved through action or neglect, in the gun trade destined for poaching activities in the Kruger National Park. SANParks has issued a statement that the programme was characterised by inaccuracies and is regrettable. SANParks accordingly rejects the negative statements made on the Carte Blanche programme and is of opinion that this programme has contributed negatively to the combating of illicit wildlife crime. The full statement is available on the link at https://www.sanparks.org/about/news/?id=57528.

38. London Closes 500 Churches and Opens 423 New Mosques. Dr/Ds/Oom Jozua Potgieter has provided the following report:

The creeping takeover is moving along nicely and the pace is quickening. If this is not ringing alarm bells with millions of people in Western Christian countries, then there is little hope for Christianity, indeed for democracy for coming generations. Read of the Islamic assault at the following links:

https://yournewswire.com/london-churches-mosques/
https://redwhiteandblueweb.wordpress.com/2018/03/07/london-closes-500-churches-opens-423-new-mosques-2/

VISIT TO THE BATTLEFIELDS IN ANGOLA IN 2015 AND 2018

39. Johan Booysen of 61 Mech Bn Gp. Johan has provided this report of the visit by members of the 61 Mech Bn Veterans' Association which has been shortened considerably. The full report can be obtained from Johan's e-mail address at johangbooysen69@gmail.com. Johan reports as follows:

"In 2015 we had visited Cuito Cuanavale on motorcycles and went to meet the Administrator in Menongue. Standing in for the Administrator that day, we met Genl Fernando Mateus instead. We believe it all happened for a reason, because the path to reconciliation started that day. We visited our three tanks in Tumpo and were treated as friends, which made it our mission to in future bring more Veterans to Angola to make peace within themselves after the war and to build new relationships.

Our current trip in May 2018 consisted of 83 people and 26 cars and was joined by a Russian Veteran and his son. We started our journey with a warm welcome at Katwitwi border post where we crossed the border with ease. Keeping 26 vehicles and 83 people together all the time proved to be challenging, because everywhere we went, Veterans from South Africa and Angola seemed to find common grounds in terms of battles they fought in. In Menongue we met the Minister of Tourism and the Minister of Environmental affairs and had dinner with them hosted by the Governor.

Visiting Cuito Cuanavale was an emotionally draining day. South Africans and Angolans alike shed tears for their fallen comrades and new friendships were cemented when we planted aluminium trees at Tank 53. The combined throwing of poppy's into the Cuito River brought all the people even closer.

The days that followed seemed to be challenging as we had to drive through small rivers while on other roads water had washed some parts away. In every town we passed through we had the honour of meeting the tribal leaders and were entertained by the local dancers. In Mupa the Administrator also kindly enjoyed a meal with us on his account.

Xangongo was the last stopover for us and many tears were shed when we had to leave this beautiful country. In the last few hours in Angola we visited Cahama and were taken to see the bunkers and mass grave and ended our tour on the runway in Camaha where the last MIGs had taken off from.

This visit was aimed at building new friendships and between South Africans and Angolans. Emotions ran high and memories were shared. Angola welcomed us with open arms and we all left with a piece of us staying behind".

40. Erich van Rensburg van die Genie

Erich het aan die besoek deelgeneem en noem "... dat ons almal klein staalkruise met ons name op langs Olifant-tenk No 53 by Tumpo in die grond geplant het. Hierdie tenk en twee ander is op 23/03/1988 in Angola agtergelaat. Daar is 110 kruise van Yster, twee van hout en dan 'n beeld van 'n Ratel met kruis. Genl Mateus het onderneem om dit te laat vasmessel en hier is die resultaat; een helse groot betonblok! Dit sal daar bly as herinnering van diè wat daar gesneuwel het.

41. CP du Toit van die Kavallerie

“ Die Veterane se besoek was entoesiasties ondersteun deur die Angolese regering wat vir baie maande saam met die toer beplanners die toer beplan en uiteindelik professioneel implementeer het. Die doel was om uit te reik en om vriendskapsbande met ons vorige vyande te smee, soos wat die spesiale 61 Meg toerpette ook uitgebeeld het, naamlik ‘Unidade de Amizade’ wat beteken ‘Verenig in Vriendskap’. Die Angolese regering was ‘n fantastiese gasheer en baie manne het tydens die besoeke aan al die slagvelde innerlike vrede gevind. Die besoek aan Cuito Cuanavale het ‘n parade en gesamentlike gedenkdiens ingesluit en is afgesluit met die strooi van poppies op die Cuitorivier. Die laaste geleentheid was ‘n nagmaal op Xangongo.

Angola en die Noorde van Namibia het geweldig ontwikkel. Angola is ‘n waterryke en vrugbare land en die trots en gasvryheid van die Angolese was verstommend. Hierdie verrykende ervaring het getoon dat dit maklik is om vriende met ou vyande te maak, ‘n waarheid wat alle Suid-Afrikaners gerus kan toepas.

42. Fotos van die Besoek. Johan Booysen het die volgende fotos verskaf:

* Die kruise wat by Tenk No 53 in Tumpo geplant is.

* Die hele besoekgroep, ‘n Rus en ‘n Angolese Afvaardiging by Xangongo net voor ons vertrek vanuit Angola.

NUT VAN DIE NUUSBRIEF VIR DIE MILITêRE VETERANE

43. Elsa Yaffe van KOLOT

“Die Nuusbrief is vir my van onskatbare waarde, want dit is die enigste skakel wat ons nog met die handel en wandel van die goeie ou geeste het.

44. Daan Kemp van Leërinligting

“Die Nuusbrief is van waarde is want die meeste ontvangers wag gretig vir die nuutste Nuusbrief omdat dit vir hulle op hoogte met die wel en wee van die bekendes hou. Min van hulle gaan egter tot die Nuusbrief bydra, behalwe as dit hulle persoonlik raak. Die Nuusbrief is

waardevol maar gaan ongelukkig mettertyd doodloop soos die belangstellendes en lesers uitsterf. Seker nog so tien jaar?"

45. Logistieke Verspreiding van die Nuusbrief

Edward (Ed) Ruziecki van Logistiek noem dat hy "… die Nuusbrief self aan 140 oud-lede versprei en nou stuksgewys die name en e-posadresse van die 140 lede kan verskaf". Nota. Ed se gawe aanbod is met dank van die hand gewys, want dit behels 'n redelike proses om nuwe lede by die 49 versendingslyste te voeg. Dit sal waardeer word as Ed maar liewerste self met hierdie verspreidingstaak sal voortgaan.

WELSYNSINISIATIEWE

46. NTR.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

47. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan, soos wat die Infanterie-vereniging hieronder doen.

48. Spesmagte Bond

Koos Louw van die SAV rapporteer dat 'n tak van die Spesmagte Bond in Langebaan gestig is en dat die eerste vergadering baie goed bygewoon is. Belangstellendes kan vir Koos op sy e-posadres by jacobus.louw@mtu-online.co.za kontak.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

49. New Issue of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks reports that Issue No 9 is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za.

50. Investments in the Bankcrupt VBS

AP Stemmet states that "… after reading the article on the link at http://www.politicsweb.co.za/politics/vbs-looting-heads-must-roll-in-municipalities--kev it is imperative that steps be taken against those who are responsible for wasting our money. What did the Board of Trustees of the GEPF and the PIC do to safeguard the interests of our pensioners? The PIC had a 27% interest in the VBS. The Board of Trustees of the GEPF remains very quiet about what is happening and I wonder whether they will inform their members?"

SOEKTOGTE

51. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

52. Verandering aan die Reëlings vir die Infanterie-vereniging se Etes

* By die hinderlaag op 06/06/2018 is bekend gemaak dat die Vereniging bly is oor die relatief jong werkende lede wat begin aansluit, maar ook dat besef dat hulle nie die maandelikse hinderlae in werkstyd kan bywoon nie. Die NUR het derhalwe besluit dat die maandelikse funksie in die toekoms steeds by die Bronberg Wynlandgoed sal plaasvind, maar dat dit op ‘n meer informele wyse op die derde Saterdag van elke maand sal gebeur. Vanaf 21/07/2018 sal die vergadering van die NUR om 08:30 begin en die hinderlaag vanaf 12:00. Hierdie hinderlaag sal ‘n braai wees, waar alles verskaf sal word, met die lede wat net hulle eie vleis moet bring. ‘n Kontantkroeg is beskikbaar. Met hierdie reëling sal die Infanterie se tradisies steeds behou en uitgeleef word, terwyl ook die lede se gades en kinders betrokke kan raak. Na hierdie een sal die volgende hinderlae op hierdie datums plaasvind:

- 18/08/2018.
- 15/09/2018.
- 20/10/2018.
- 17/11/2018.
- Jaareindfunksie op 08/12/2018.

* Kontak vir Geoff Holland-Muter by geoff@sainfantry.co.za of op 076 637 9355 vir navrae.

53. Besoek deur Angolese Afvaardiging

Johan Booysen van 61 Meg Bn Gp, wat die verslag hier bo in par 39 oor die besoek aan die slagvelde verskaf het, noem dat ‘n Angolese afvaardiging die RSA in Aug 2018 gaan besoek om ons jaarlikse Gedenkdiens by te woon. Hiertydens gaan daar weer sulke kruisies, soos by Tumpo, geplant word.

54. Ete-groepie in Centurion

Die vorige ete het weer by die Kookabella Teetuin in Lytteltonweg 60 plaasgevind en is deur 24 makkers bygewoon. Daar was konsensus dat dit ‘n lekker plek met redelike pryse is en veral die hoenderpastei en lasagne is ‘n treffer. Hierdie maand se ete vind om 12:00 vir 12:30 op Donderdag 19/07/2018 plaas. Verwittig bywoning aan isajohan@johannisa.co.za sodat die bespreking gedoen kan word. Nooi ‘n Veteraan saam. Paul Els het die foto by die ete geneem en toon vir Estelle Keeve, Valerie Benade, Annette van Driel en Mareli de Kock, terwyl Attie links bo agterdogtig naderstaan om te kyk wat hulle so interessant vind.

NETWORKING

55. NTR.

ADMINISTRASIE

56. Nuwe Lede

* CP du Toit
* Jan Potgieter;
* Johan Booysen
* Johan Lötter
* Maarten Schalekamp
* Niel Bredenkamp;
* Rudi Perold;
* William Marshall

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

57. Food for Thought

* Make the rest of your life the best of your life.

* The problem with the world is that intelligent people are full of doubt, while the stupid people are full of confidence

SLOT

58. And on that thoughtful note, trek maar warm aan in die komende week.

Johann
VRYWARINGSKLOUSULE

59. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.